# DIE RELIGIEUSE GEVOEL BY N. P. VAN WYK LOUW

„In wolken en bloemen zoek ik U,
Ik zoek U in den opgedolven grond." (van Eeden)

Dis met huiwering dat ek my aan hierdie onderwerp waag, want wie sal probeer om die laaste woord te sê oor iets so intiem, so subtiel as die verhouding van 'n mens tot sy God. Dit betaam ons dan ook om met die diepste piëteit hierdie aspek van Louw se digterskap te benader. Hierdie dinge is so broos en vloeibaar, moet so deur uiters skerpe instelling van die intuïsie aangevoel word, dat 'n mens huiwer om dit nugter in 'n „stelsel" vas te lê.

In die sestet van die pragtige sonnet „Vroegherfs"[1]) bid die digter:

„O Heer, laat hierdie dae heilig word:
laat alles val wat pronk en sieraad was
of enkel jeug, en vér was van die pyn;
laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelik vas
en nakend uit my teerder jeug verskyn."

In dié lig moet ons sy religieuse gevoel sien. Daar is by hierdie digter geen plek vir mooidoenery en stigtelike frases nie, geen plek vir ortodoksistiese tradisies en versteende gedagtes nie; naak wil hy voor sy God verskyn, „hom onmiddellik teenoor die dinge stel waarvan hy skrywe, alles wat bykomstig aan homself is, afstroop."[2])

Daar is in ons poësie geen digter by wie daar so 'n heel sterke suggestie van primêre neigings bestaan as by Louw nie; dit verleen aan sy

---

[1]) „Die Halwe Kring", Kaapstad, 1937, p. 63.

[2]) „Berigte te Velde", Pretoria, 1939, p. 66.

poësie die verwikkeldheid en terselfdertyd die krag van alle primêre dinge. Let maar op die aardsgebonde siening van die dier in die magtige epos „Raka":[3])

„Raka, die aap-mens, hy wat nie kan dink,
wat swart en donker is, van been en spier
'n lenige boog, en enkeld dier."

Hierdie oerdier sien hy as simbool van sinnelike hartstog, want hy kom uit 'n land

„geil van begeerte van wilde vlug en vang
en paring en uitskree onder die dwang
van drifte wat geen naam of doel meer ken."[4])

Geen toeval is dit dat die vroue die dier die eerste gewaar het nie, want dis vir hulle dat sy rustelose nabyheid met „wellus" en met „skrik" vervul het. Hierdie sinnelike belewing het ons al in die vroeëre werk van die digter aangetref — dink maar aan die minnepoësie van die eerste bundel,[5]) waar ons hom leer ken as die verheerliker van sinnelike skoonheid van

„die blanke lede wat swel van wellus soos die druif van sap",[6])

die wêreldwyse genieter wat die vrou sien as fisieke wese en wens om selfs na die dood deur die duister heen te tas,

„tot ek jou bloedwarm voel en vas
en indrink soos 'n drank in my."[7])

Dis ook nie toevallig dat die digter so dikwels praat van „donkerwortelende drifte", „duistere wil", „skemerende lus en drifte" wat in hom opstu nie. Hy is bitter bewus daarvan dat hierdie primêre drange hom voortdurend sal volg soos „'n goeie hond", en daarom wag hy al in die eerste bundel voor die venster van die lewe[8]) op magiese deurstraling van sy „donker wense", en daarom verheerlik hy die „Heilige Skoonheid", wat aan alle „vormlose dinge" gestalte gee en „tot die verste eindpunt wit deurlig".[9]) Ons het hier dus te doen met 'n digter wie se „geestelijke scala" strek van 'n byna dierlik-primêre dranguiting waar ons „donker is en sonder sin" tot 'n ekstatiese eenwording met die „Heilige Skoonheid", waar alle „pronk en sieraad" „verwaai met die magtige wind van God". Hy is soos 'n boom, wat geworteld in die donker aarde, deur milde bestraling van die son, eie kragte ontplooi en opskiet tot sy toppe verwaai in die ylblou-suiwer lig.

---

[3]) „Raka", Kaapstad, 1941, p. 4.
[4]) „Raka", p. 5.
[5]) „Alleenspraak", Kaapstad, 1937 (tweede druk).
[6]) „Alleenspraak", p. 18.
[7]) „Alleenspraak", p. 11.
[8]) „Alleenspraak", p. 8.
[9]) „Die Halwe Kring", p. 10.

Ek was hier enigsins breedvoerig, want dit is essensieel om aan te toon hoe uit hierdie bodem van primêre sinnelikheid en paganistiese lewensaanvoeling sy religieuse gevoel soos 'n loot opskiet, hoe die digter orde in die chaos bring, hoe sy „wêreld uit die vloed (sal) stol",[10]) hoe die digter sal besef dat sy roeping elders lê, dat hy langs „hoër, kouer paaie" moet beweeg. Hier het ons dus 'n mens, aan die een kant bitter onder die besef van aardse drifte en aan die anderkant die diepe wete:

„vir my die kruis en doringkroon,
die reise wat geen einde het."[11])

Dis uit hierdie konflik dat die hewige geladenheid en seldsame skoonheid van Louw se poësie ontspring; dit is ook die ondergrond van die magtige epos, „Raka", waar die botsing tussen Koki en Raka niks anders is as 'n sublieme uiting van die worsteling wat in die siel van die digter woed nie, 'n worsteling tussen Skoonheid en Krag; Raka, die draer van die drifte voor wie se voete die mooi beskawingsvorme „terugweek in die klei waaruit dit gehaal is". Luister waar hou hy sy tuiste:

„In die warm slik
het Raka op die lou voormiddag geleun
om soos 'n bees te drink, en lui gesteun
van genot, die swart hande diep ingegly
in die meelsagte wortels en die pappery
wat deur sy vingers borrel; en toe hy sat
en swaar was van die suip, het hy in die koel gat
sy lyf laat insak, afsak en gevoel
hoe die stink belle langs hom kruip."[12])

Maar Koki, die „verwate enkeling" gaan swem in die „heilige poel", wat „skaduloos en koel" is van „eie diepte". Hierdie stryd duur met onverminderde intensiteit voort in sy jongste bundel „Gestaltes en Diere" in die Strandjutwolf, 'n prototipe van Raka, en in „Renboot", waar dit klink:

(„My vaart is enkel ewewig
tussen s w a r t see en h o ë lig."[13])

Dit moet teen die tyd al duidelik wees dat Louw geen skepper van brose stemminge is nie maar die bouer van magtige gestaltes, die man wat met byna fanatieke erns strewe om die chaos om te skep tot lig, die lewe uit te bou met „magtige klippers", met sy blink wapen, die woord,

---

[10]) „Gestaltes en Diere", Kaapstad, 1942, p. 42.
[11]) „Alleenspraak", p. 23.
[12]) „Raka", p. 37.
[13]) „Gestaltes en Diere", p. 10.

die taai taal om te vorm tot draer van skoonheid. Dit aanvaar hy baie duidelik as sy taak, nl.:

„Die lewe wat gestalteloos dein
die sal ons saamgryp en vereng
tot enkele harde en helder dinge."[14])

Dit is die groot waarde van LOUW se poësie, daarom bly alles so sterk en helder, daarom word sy poësie nooit week of syig soos die weemoedige stemmingsliriek van C. M. VAN DEN HEEVER nie.[15])

LOUW se religieuse gevoel staan ver van die Calvinisme af, en in „Ecce Homo" breek hy onomwonde met die Christendom. Hier is Christus nie vir hom die Middelaar wat die sonde van die wêreld wegneem nie, maar Hy word vir hom die beeld van sy eie eensaamheid, hy sien „die Bleke aan die hoë kruis" as sy ewebeeld:

„Ek ken sy dors, ek ken sy angs
(God het Hom ook van my gewend);
Ek kan Sy wonde met name noem,
en elke spyker is my bekend."[16])

LOUW staan nader aan die outestamentiese God, soos hy Hom sien, die Onbegryplike, die Ongenaakbare wat hom voor die aangesig van die mens verberg in die brandende bos, die God wat sy profete uitstuur om die boodskap van wraak en vergelding te bring. Nes SHELLEY is LOUW 'n diep-religieuse digter, maar nes SHELLEY (Prometheus) kom hy in opstand teen alle ortodokse godsdienste (Lucifer in Halwe Kring, p. 8).

Die digter se God is nie die God van CALVYN of TOTIUS nie, nie die „Vaste Burg" en „Alwyse Bestuurder" nie, want in verse wat enigsins herinner aan BOUTENS se

„Laat mij nimmermeer berusten
God dien 'k niet met namen zeg" („Stemmen", p. 17),

klink dit by LOUW:

„Hoe sal ek jou met name gryp, jy wat so diep
verborge is in ons bloed en buite ons,
en dan weer skielik lig en nakend voor ons staan."[17])

Hy is ook nie soos CELLIERS „'n kind aan sy boesem tevrede" nie, want sy God bring vir hom geen vertroosting nie. Hy is die „Heilige Skoon-

---

[14]) „Die Halwe Kring", p. 47.

[15]) Vgl. die verbasende knap gedig, „Gerugte van die Lewe" op p. 8 van „Aardse Vlam". Hierdie digter word egter „week van skoonheid", terwyl die skoonheid LOUW juis sterk en helder laat staan! Ek herhaal, die genoemde gedig van v. D. H. is knap maar kragteloos — dis findesièclekuns!

[16]) „Halwe Kring", p. 20.

[17]) „Halwe Kring", p. 12.

heid", die „Beeld- en Naamlose", die „Al-Bestaan" wat hom met rusteloosheid vul:

„Ek weet U is geen rusplek en geen troos."

Hierdie God is egter geen metafisiese begrip nie maar 'n ontsettende realiteit, die stukrag van sy lewe.

Louw is 'n panteïs, die „gedagte van Gods vlammende Siel" en „woord van Sy mond". Soms sien hy God as 'n heel verafstaande Mag wat die aardse gebeure sonder emosie betrag:

„Jy wat alleen daar sit
............wat wet
van ewige dinge alleen
sien sonder lag of ween";[18])

maar dis die God wat in hom werk:

„Jou skadu hang oor my
Jou gees is wierook in my wyd".[19])

Mooi kom sy panteïsme uit in „Ekstase":

„Ek vloei in Hom, vloei in Sy wydheid
soos 'n stroom in die oseaan;
en soos geur in die blomme lewe,
leef ek in Hom".[20])

Die digter besef dat ons in die grootse orde van die heelal niks is nie, net die God wat in ons werk en selfs die gange van volkere só bestuur — dit sien ons in „Die Dieper Reg",[21]) waar die Voortrekkers die „vreemde land daag" omdat dit God was wat in hulle „bloed en wil" gewerk het. Hy is die wetenskaplike wat God in die natuur wil saamvat:

„Ek wou U liggaam sien en gryp",

en as dit misluk, kom hy tot die mooi bede:

„vergeef die wilde, dwase bee —
O God, hoe kon ek wyser wees?"[22])

Seker een van die mooiste momente van sy panteïsme vind ons in die slot van „Aan die Skoonheid" in „Halwe Kring", met die gedagte dat ons dan eers tot die besef van skoonheid kom as God „een oomblik ophef tot tydloosheid" en „deur ons sterflike oë"

„Sy eie wese en sy eie vreug aanskou."

---

[18]) „Alleenspraak", p. 16.
[19]) „Alleenspraak", p. 16.
[20]) „Alleenspraak", p. 28.
[21]) „Die Dieper Reg", Kaapstad, 1938.
[22]) „Alleenspraak", p. 23.

Teenoor hierdie panteïstiese God staan LOUW in velerlei verhouding: nou as die worstelaar, dan as die oorwonnene, nou as die opstandige, dan as die vernederde, nou trots-laggend om sy hoë roeping, dan weer diep terneergeboë in sy sondebesef, ten volle bewus van sy „flenterkleed", nou vol bitter haat, dan weer diepe deernis. Ons sal hieruit kan aflei dat sy panteïsme nie slegs 'n heerlike opgaan in die Al-God is nie, maar dat dit fel-dramaties is, dat daar hewige konflik in sit, sodat hy hom bewus stel teenoor sy God:

Met blinke swaard het ek gestry
Jy met Jou duisternis."[23])

Let op hoe ontsettend die aanslag van sy God is, as hy weier om die profetemantel te aanvaar:

„Maar in my, in my, O Heer,
soos die val van houe op 'n dowwe ding,
het U woorde en woede en skrik gekom
en my neergeslaan tot my knieë genadeloos,
totdat die nag my in 'n donker hoop
gehurk en aan die snik gevind het."[24])

Hierdie skoon verse herinner sterk aan FRANCIS THOMSON se „Hound of Heaven":

„Naked I wait Thy love's uplifted stroke!
my harness piece by piece Thou hast hewn from me,
and smitten me to my knee;
I am defenceless utterly."[25])

Ook in „Paniese Angs" sien ons hom in die fel-dramatiese stryd teen die God wat sy weerstand vernietig:

„Hoe slaat U en slaat U op my deure
tot ek terugkrimp soos die see se water
voor U in my grote nood:
U styg, O God, tot my lippe
met die soutsmaak van U dood."[26])

Teen hierdie God het Lucifer ook tevergeefs gestry, want hy is teruggestoot soos winde van die kranse af en het toe maar

..................sy wit
vermoeide vlerke dig gevou
en toornig weggestort",[27])

[23]) „Alleenspraak", p. 21.
[24]) „Die Halwe Kring", p. 28.
[25]) Ek wil hier gladnie invloed probeer konstateer nie; die Engelse gedig groei uit 'n gans ander lewensbeskouing.
[26]) „Halwe Kring", p. 6.
[27]) „Halwe Kring", p. 8.

Hierdie opstand hang ten nouste saam met sy roepingsbesef. Hy wil die profetemantel[28]) nie aanvaar nie, en nou dwing God hom met soveel geweld. Alhoewel die digter eers in sy tweede bundel so onverbiddelik bewus is van sy roeping wat hom lei,

„waar hoër kouer paaie lê,"[29])

het ons tog al iets daarvan in sy eerste bundel aangetref, veral in die gedig, „In Waansin het ek Gevra", 'n gedig wat eindig met verse wat sterk herinner aan LESSING, wat die soeke na waarheid bo die waarheid self stel:

„Daar is een heerlikheid: U sien;
daar is een rus; om U te soek;
om nie te weet — dit is U seën;
en om te vind — dit is U vloek".[30])

Hierdie geroepenheid kom egter tot sy skoonste verklanking in „Die Profeet" in „Halwe Kring". Sterker, hewiger, noodwendiger is die besef hier as in die eerste bundel. Hier is hy die vereensaamde wat deur God uitgestuur word, vereensaamd omdat God alle menslike vreugde van hom weggeneem het, en nou wil die blinde mensdom hom nie as Godsgesant aanvaar nie. Die bevel het met 'n belofte gepaard gegaan:

„En tog het U die rus beloof soos van diep kuile",

maar

„U het nie woord gehou met my".

God het die „wete van mooi en helder dinge" „soos voddes afgeskeur", en

„My, donker wandelaar in skaduwees,
het U uitgeja met vlamme op my voorkop,
met wilde hande en voete wat altyd brand,
om die gevreesde wet van God te gaan".[31])

God het hom egter geen kenbare teken gegee nie, en die mense verwerp hom:

„U gésel my met hulle luide hoon;
ek moet die bitter brood van twyfel eet".[32])

Ons leer hom dus ken as die siener met 'n sterk profetiese besef; met

---

[28]) Hierdie vrees om die bittere digtersroeping te aanvaar tref ons dikwels by digters aan — vgl. GOSSAERT in sy gesprek met 'sGRAVESANDE.

[29]) „Halwe Kring", p. 1.

[30]) „Alleenspraak", p. 24.

[31]) „Halwe Kring", p. 29.

[32]) „Halwe Kring", p. 31.

watter siddering staan die digter nie in „Aan die Skoonheid" voor die wete nie:

„Want weerloos is ons teen die swaar gebeure van
die dinge; ons vreugde waai — 'n ylblou lint,
verlore fladdering — in die strawwe wêreldwinde;
naak staan ons in die slagreën van U toorn".[33])

Hierdie woorde klink swaar en donker soos die van 'n outestamentiese profeet. Hy is dan ook een van die „enkeles, wie se oë met rusteloosheid gevul is", wat, nes Koki, „hoog en eensaam (gaan) die pad wat geen mens terug kan loop". Hoe kan dit anders? As hierdie diepgevoelde profeetskap misken word, sal dit hom slinger tussen angs en vertwyfeling, sal dit hom bring tot opstand, maar aan die einde van die „Profeet" besef hy dat

„Hierdie duisternis van my U lig
en waarheid is . . .
dat al my onrus is die saamwaai met U magtige wind —
. . . en Heer, ek staan weer sterk
in die andere genade wat U gee".

Nou besef hy dat hy geen deel aan die begeertes van die blinde mensheid het nie en dat sy woorde vir hulle nog sal groei tot „harde wet" („Sluit toe jou Hart" in „Halwe Kring"). Dis geen kleinlike selfverheffing of „steltlopery" nie — let maar op met watter besef van kleinheid hy sy plig aanvaar in die ontroerend-mooie woorde al in die eerste bundel:

„Sal ek met so 'n flenterkleed
U weë, O God, U weë gaan?"[34])

En as hy die nabyheid van die dood ervaar — alle sterk en revolusionêre geeste, hoe versekerd hulle ookal mag staan in die lewe, kom op een of ander tyd voor die dood te staan (vgl. MARSMAN met sy ontroerde siening van die dood)[35]) — kom hy tot diepe deernis:

„groot liefde was in my, en mededoë
en wete van die duistere in ons hart,
want alles was deurweek van sterflikheid".[36])

So wissel sy verset met 'n besef van kleinheid, en hy kom selfs tot 'n heel vae sondebesef. Hy sien die sonde as 'n vrou tussen haar slag-

---

[33]) „Halwe Kring", p. 9.

[34]) „Alleenspraak", p. 24.

[35]) Vir hierdie Nietzschiaanse jongeling wat in sy eerste periode soos 'n heerser deur die heelal gestap het, het die dood onverbiddelik gekom; hy word nou 'n vod uitgestoot in 'n hoek van die nag, bv.:

„Ik wag op den dood die nu eindelijk komen moet;
het paradijs is verbrand: ik proef roet, dood . . ."

[36]) „Halwe Kring", p. 24.

offers („Daar is 'n Geur van Blomme"), maar nêrens vind ons die nabysyn van die sonde feller belewe as in die merkwaardige „Ballade van die Bose" („Gestaltes en Diere") nie, waar dié besef diep-tragies word:

„wat God verleen het
hoort samegevoeg",

of:

„Ek (nl. die Bose) is jou wese se ondergrond
en trap in jou spoor
soos 'n goeie hond".

Dit is geen Christelik-persoonlike skuldbesef nie, en as ek dit „sondebesef" noem, dan is dit weens 'n gebrek aan 'n beter term. Dit is iets kosmies, en dit herinner sterk aan die klassieke tragedie: iets het die kosmiese gang versteur, en ek as deel daarvan, het dus ook skuld. As die digter dan kom tot die outestamentiese siening, „Naak staan ons in die slagreën van U t o o r n",[37]) dan spreek hieruit 'n vae skuldbesef. Hy weet „op donker dinge sin die mens se hart", en daarom vra hy:

„Hoe kan ons menslike lewe, as jy, O h e i l i g e[38]) skoonheid
nie..............die vormlose dinge
gestalte gee..............en die baierd
tot sy verste eindpunt wit deurlig".

Hierdie besef word sterker in die meergenoemde „Ballade van die Bose", waar ons sien hoe die sonde die mens onverbiddelik aankleef en hom selfs sy voeding gee:

„En nou dat jy groei om die baasskap te hê
is ek die rooi naelstring waaraan jy lê."[39])

Hierdie besef bly hom by soos 'n obsessie: „Raka", „Ballade van die Bose", „Die Strandjutwolf":

„Ek weet sy oë is vaal en blind,
ek hoor hom sagter as 'n snik
net in die gang, en tussenin
my polshorlosie tik".[40])

Let op die ontsettende emosionele waarde van die opsetlik-nugtere woorde in die laaste vers! Dit is hierdie skuldgevoel wat maak dat die digter die Ou Testament met sy donkere sondebesef so hewig kan aanvoel.

---

[37]) Spasiëring in hierdie opstel deurgaans van my.
[38]) Dis nie verniet dat hy praat van „heilige" skoonheid nie, dit aksentueer die besef van eie onheiligheid en skuld.
[39]) „Gestaltes en Diere", p. 15.
[40]) „Gestaltes en Diere", p. 19.

LOUW is 'n individualis, 'n vereensaamde, maar sy profeetskap bring hierdie eensaamheid mee. Hy staan sterk op die bodem van sy geloof, daarom dat sy poësie geen stemmingsliriek word nie, geen yle, rampsalige klag nie, geen kuns van die „ivore toring" van iemand wat losgeraak het van die voedingsbodem van die maatskappy nie. As hy nou staan as eenling teenoor die veles wat hom bespot, dan is dit geen bewuste afsondering nie, want hy is een „van die uitverkoornes tot leed en stryd", „om tussen die duisende" wat in die strate „van hul leë kermis skree", swygsaam „soos streng soldate op wag te wees". Dis geen afsydigheid van die mensdom soos in die uitdrukking van GOSSAERT in „hoont het gemeen . . ." of soos by A. ROLAND HOLST,[41]) wat hom terwille van sy „gelukseiland" „te loor" moet sing nie, maar dis hier 'n brandende roepingsbesef om veilig deur die menigtes te dra die hoogste wat in die volk lewe. Hy vra geen einde of rus vir sy taak nie, want diep in hom leef die hoë wete dat hy, afgeskei van hulle, tog nog „diep verwant is aan hul blinde pyn". Watter digter kan 'n helderder geloof hê in die geroerenheid van sy volk as een wat by monde van die Geregtigheid kan juig:

„Hul sal nie sterf, hul lewe het
in daardie land so ingetrek
en ingeweek dat hul sal bly
solank die kranse bo die see
se lang skuimkringe uit sal staan,
afsonderlik e n trots e n vry."[42])

Die digter is deurdronge van die smart, vreugde en drif van sy volk. Hy gee gestalte aan dit wat by die volk slegs vae verlange was.

Hier het ons dus 'n digter, 'n magtige digter wat in sy poësie ewige probleme raak, 'n mens wat beurtelings opstyg tot die „hoogste sonnevrede van God" en dan weer afpeil tot die diepste lae van die aarde, waar hy „een word met al wat swart is, en nie voel" („Die Swart Luiperd", in „Gestaltes en Diere"). Daarby is hy die profeet wat stry, eensaam soos

„'n Nors, swart kaap wat voor die maan
vér teen die voorste waters staan".[43])

Hy is die eensame soeker wat met die blink glans van sy digterswoord die verste skemergebiede van die heelal verlig. Hy is die visser wat in die onsekere en gevaarlike waters

„ver van kus of ree, sy duistere nette hang".[44])

[41]) Ek mag egter nie nalaat om daarop te wys dat HOLST ook wel elders diepe deernis toon met sy medemens, vgl. die onvergeetlik-skone gedig, „Een Winteravondval" („Voorbij de Wegen"), waar die stryd tussen afsydigheid van, en gemeenskapsdrang tot sy medemens juis so mooi verwoord word.

[42]) „Die Dieper Reg", p. 39.

[43]) „Gestaltes en Diere", p. 12.

[44]) „Gestaltes en Diere", p. 12.

LOUW staan egter buite die geloof wat altyd vir sy volk 'n rigsnoer was, en dit bring vir die leser wat in daardie geloof staan, probleme mee — probleme wat die digter self aangevoel het toe hy daarop gewys het dat GORTER se kritiek op die pragtige „Ego Flos" van GEZELLE altyd sal bly: „Godsdiens is narkose vir die volk."[45]) En tog, vir hom wat nie slegs op 'n afstand van die verse wil bly staan nie, wat die worstelinge van die digter self deurleef, wat hom tydelik op die standpunt van die digter stel en dan alles in die lig van sy eie lewensbeskouing sien, sal hierdie verse ewig-menslike waarde kry, sal uit hierdie donker musiek 'n klank opklink wat diep-smartlik is. Hy sal dan nie slegs die skoonheid geniet wat daar gegroei het uit die verse van GEZELLE of TOTIUS met hulle innige geloofsvertroue nie, maar ook uit sulke seldsaam-skone woorde waarvan die Afrikaanse literatuur geen weerga ken nie:

„Verloën my nie, O God, verloën my nie,
ek weet U is geen rusplek en geen troos:
U skuim in ons óp soos die see se water,
U stort in ons af soos die reën wat val
en stroom van alle kante soos die wind".[46])

A. P. GROVÉ

[45]) „Berigte te velde", p. 73.
[46]) „Halwe Kring", p. 31.